

**Dinsdag 30 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 128:1-6 (AFR53), Spreuke 1:7; Numeri 6:22-27**

**Fokusgedeelte: Psalm 128:1, 6b**

**'n Huis gevul met die vrees én die vrede van die Here**

Hierdie is 'n wysheidspalm én 'n seëngebed. Dit begin met die *beginsel van ware wysheid* (Spr. 1:7): “Vrees die Here!” en eindig met *die seën van die Here*: “Vrede oor Israel!” (vgl. Num. 6:24-26). Die volk het hierdie psalm tydens feeste gesing en moes dit in hulle harte saam met hulle huistoe neem: “Vrees die Here en daar sal vrede wees!” Ons leer in hierdie psalm dat dit twee dinge is wat normaalweg saamgaan.

Dis wel opvallend dat vers 2-4 'n toneel skets wat ons dalk as wêreldse voorspoed kan beskou: om die vrug van mens se werk te geniet; om gelukkig te wees; 'n huisgesin waar alles goed gaan. Beteken dit dat 'n lewe in diens van die Here altyd lei tot voorspoed? Nee, Jesus maak dit self duidelik dat elke dag sy eie kwaad bring (Matt. 6:34). Ja, wanneer ons wys leef, sal dit dikwels ook goeie gevolge te hê, maar dit gaan oor die dieper vrede wat daar heers in 'n huis waar die Here gedien word (vs 1). Vrede aan dié kant van die sondeval begin met 'n herstelde verhouding tussen ons en Hom en dít deursuur mettert tyd die res van ons lewens.

Ons groot Hoëpriester (Christus! – Heb. 4:14-16) het die vloek in ons plek gedra en finaal sy seënende hande oor ons uitgestrek sodat ons deur sy Gees selfs in baie seer omstandighede die seën van die Here beleef. 'n Vrede wat hoop gee. Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7).

Wil u vrede in u huis sien? Man en vrou wat lief is vir mekaar? Kinders wat geliefd is? Vreugde in werk ten spyte van moeilikhede? Begin by die vrees van die Here en dit sal uitloop op ware vrede ten spyte van aardse moeilikhede.

*Sing: Psalm 128-1:1-3*

*Ds. J van Schaik Hanno (Burgersdorp)*